

30 Desember

Skrifgedeelte: Matteus 25:31-46

Fokusgedeelte: NGB, Art 37

Christus se terugkoms – straf van die ongelowiges

Onbegryplik is dit as die ewigheid ingryp in die tyd! Om dié rede het God se bemoeienis met mense altyd 'n wonderkarakter: Die Woord waarin God Hom openbaar is 100% mense se woorde, maar óók 100% God se Woord. Die Seun waarin God Hom met die mens versoen is 100% mens, maar óók 100% God. Redding is 100% God se uitverkiesing, maar ook 100% bekering. God voorsien 100%, maar die mens bly 100% verantwoordelik.

Hierdie paradoksale wonderkarakter van die Godsbemoeienis kom ook in ons Skrifgedeelte se beskrywing van die eindoordeel aan die lig. Reeds vóór die oordeel word mense deur God in twee groepe verdeel: “skape” en “bokke” (vers 32-33). Die “skape” word gered en die “bokke” gaan verlore. Tog geskied die oordeel op grond van hulle dade. Al is hulle nie uitgekies nie word die goddeloses regverdig gestraf.

Sommige mense redeneer: “As ek bestem is om verlore te gaan, dan gaan ek verlore!” Maar kyk tog die WONDER van God se bemoeienis met die mens. God wil nie dat één mens verlore gaan nie. Die goddeloses “gaan na die ewige vuur wat VIR DIE DUIWEL EN SY ENGELE voorberei is” (nie vir mense nie) (vers 41). Dit is uit eie keuse dat goddelose mense die duivel na sy strafplek volg. Wat God van die skepping van die wêreld af vir die mens “voorberei” het is sy KONINKRYK (vers 34)!

'n Wonder moet nooit met verklarings geweld aangedoen word nie. 'n Wonder moet 'n wonder bly, dit moet eenvoudig geglo word, dan behou dit sy krag. Daarom vra ek jou aandag vir die wonder dat jy nou hier sit met God se Woord oop voor jou. In hierdie Woord breek God in jou tyd deur en gee Hy jou 'n helder uitsig op wat deur Christus vir jou voorberei is. Gee jou oor aan sý wonder, die WONDER VAN SY KONINGSKAP. Leef dit! Selfs as jy met die geringstes te doen het! Só sal die wonders van God vir jou nooit ophou nie.

DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)